SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
saou@saou.co.za 012 436 0900 www.saou.co.za Reg No: LR2/6/2/531
VERKIESING 2025 ELECTION
02/2025 2025/08/25

# PUR Verkiesingsnuusbrief NOORD-KAAP

## PUR NOMINASIE EN VERKIESING REGULASIES EN PROSEDURE - 2025

**VIR DIE AANDAG VAN ELKE SAOU-LID**

**1. VERKIESINGSREGULASIES:**

- NB! Slegs betalende SAOU – lede mag deelneem aan die nominasie- en verkiesingsproses. Dit beteken dat studente, interns en lewenslange lede nie deelneem aan hierdie proses nie.
- Die verkiesing van SAOU- lede tot die Provinsiale Uitvoerende Raad word bepaal deur die SAOU Grondwet. *(Klik hier om die Grondwet te besigtig)*
- Alle prosesse en relevante verkiesingsdokumentasie sal geverifieer en bekragtig word deur 'n onafhanklike ouditeursfirma. Die besonderhede van die Ouditeursfirma kan bekom word via die Provinsiale Sekretaris.
- Lede word weereens daarop gewys dat die **hele verkiesingsproses elektronies** sal geskied.
- Lede het toegang tot die skakels wat deel uitmaak van die verkiesingsproses via die nuusbriewe. Lede se ID-nommers sal geverifieer word om lidmaatskap te bevestig. Slegs geverifieerde lede se nominasies en stemme sal in ag geneem word.
- Lede mag enige ander SAOU-lid nomineer vir diens op die Provinsiale Uitvoerende Raad.
- Lede is ingedeel in 'n spesifieke DISTRIK (wat vir die Noord-Kaap verder onderverdeel is in DRIE STREKE) **(sien skakel)** in die provinsie, soos vasgestel deur die Provinsiale Uitvoerende Raad, volgens die bepalings van die SAOU-grondwet. Daarvolgens sal elke lid dus net kan stem vir die genomineerdes in dieselfde STREEK. Stemme wat in die verkeerde STREEK gemaak word, sal nie in ag geneem word nie.
- Dit is belangrik om te onthou dat indien daar meer as 1 kandidaat in 'n spesifieke STREEK genomineer word, slegs 1 kandidaat gekies kan word.
- Dit sal raadsaam wees om dadelik vir u gekose kandidaat te stem. Indien u meer as een maal stem sal slegs die eerste stem in ag geneem word.
- Indien daar slegs 3 genomineerdes vir 'n spesifieke kring ingedien is, sal daardie 3

# PEC Election newsletter NORTHERN CAPE

## PEC NOMINATION AND ELECTION REGULATIONS AND PROCEDURE - 2025

**FOR THE ATTENTION OF EVERY SAOU MEMBER**

**1. ELECTION REGULATIONS:**

- NB! Only paying SAOU members may participate in the nomination and election process. This means that students, interns and lifelong members do not participate in this process.
- The election of SAOU members to the Provincial Executive Council is determined by the SAOU Constitution. *(Click here to view the Constitution)*
- All processes and relevant election documentation will be verified and validated by an independent auditing firm. The details of the Auditing Firm can be obtained via the Provincial Secretary.
- Members are once again reminded that the **entire election process will take place electronically**.
- Members have access to the links that are part of the election process via the newsletters. Members' ID numbers will be verified to confirm membership. Only verified members' nominations and votes will be taken into account.
- Members may nominate any other SAOU member to serve on the Provincial Executive Council.
- Members are divided into a specific DISTRICT (which is for the Northern Cape further divided into THREE REGIONS) (**see link**) in the province as determined by the Provincial Executive Council, according to the provisions of the SAOU constitution. According to this, each member will only be able to vote for the nominees in the same REGION. Votes casted in the wrong REGION will not be taken into account.
- It is important to remember that if more than 1 candidate is nominated in a specific DISTRICT, only 1 candidate can be elected.
- It would be advisable to vote for your chosen candidate immediately. If you submit your vote more than once, only the first submission will be taken into account.
- If only 3 nominees have been submitted for a specific circuit, those 3 nominees will automatically pass as elected to that circuit.
- In the case mentioned above, it will therefore not be necessary for the members in that circuit to

genomineerdes outomaties deurgaan as verkose tot daardie kring.

- In die geval soos bo genoem sal dit dus nie vir die lede in daardie kring nodig wees om te stem nie. Die skakel sal outomaties sluit met 'n boodskap van waardering dat u deelgeneem het aan die stemproses.

## 2. NOMINASIE PROSES:

- 'n Vriendelike beroep word op SAOU-werkplekverteenwoordigers, hoofde en SAOU-lede gedoen om **streng by die keerdatums** te hou.
- **Skakels na die nominasievorm is vervat onderaan hierdie nuusbrief.**
- Wanneer u 'n kandidaat benoem, sal u ook 'n sekondant moet benoem en dan beide se name, selnommers of epos adresse moet ken en invul. Die benoemde sekondant sal dus 'n skakel ontvang om te sekondeer.
- Daarna sal die benoemde kandidaat ook 'n skakel ontvang waarmee hy / sy die nominasie aanvaar en indien wel, ook 'n verkorte CV voltooi en 'n kop-en-skouers foto van hom/haarself aan die provinsiale SAOU kantoor stuur per e-pos.
- Nominasies word elektronies ingedien deur SAOU-lede vanaf 25 Augustus tot 4 September 2025.
- Die nominasie-, sekondering- en aanvaardingsvorms word elektronies ingedien deur gebruik te maak van die skakels voorsien in nuusbriewe. Geeneen van bogenoemde dokumentasie kan na 4 September 2025, ingedien word nie
- Enige beswaar wat 'n lid teen hierdie proses wil indien moet gestuur word na elections@saou.co.za voor of op 4 September 2025. Die aard van die beswaar moet duidelik gestel en motiveer word in die epos. 'n Lid wat beswaar aanteken moet asb. ook die provinsie en kring duidelik aandui. Geen anonieme beswaar sal aanvaar word nie.
- Elke instansie se SAOU Werkplekverteenwoordiger moet hierdie proses noukeurig monitor en lede herinner aan spertye sodat daarby gehou word.

Die Provinsiale kantoor verwerk die inligting en stuur op 10 September 2025 per Verkiesingsnuusbrief 3 die inligting van die genomineerde kandidate met 'n kort CV aan lede.

vote. The link will automatically close with a message of appreciation that you have participated in the voting process.

## 2. NOMINATION PROCESS:

- A friendly appeal is made to SAOU workplace representatives, principals and SAOU members to adhere **strictly to the due dates.**
- **Links to the nomination form are included at the bottom of this newsletter.**
- When you nominate a candidate, you will have to nominate a seconder as well and then supply both the nominated candidate as well as a seconder's cell numbers or email addresses. The nominated seconder will then receive a link to second.
- After that, the nominated candidate will also receive a link with which he / she accepts the nomination and if so, also complete an abridged CV and send a head and shoulders photo of himself or herself to the provincial SAOU office.
- Nominations will be submitted electronically by SAOU members from 25 August to 4 September 2025.
- The nomination, secondment and acceptance forms are submitted electronically via links provided in newsletters. None of the above documentation can be submitted after 4 September.
- Any objection that a member wishes to file against this process must be sent to elections@saou.co.za on or before 4 September 2025. The nature of the objection must be clearly stated and motivated in the email. A member who objects must please indicate the province and circuit very clearly. No anonymous objections will be accepted.
- Each institution's SAOU Workplace representative must closely monitor this process and remind members of deadlines so that they are adhered to.

The Provincial Office processes the information and sends the information of the nominated candidates with a short CV to members on 10 September 2025 by Election Newsletter 3

**KLIK HIER OM U NOMINASIE IN TE DIEN | CLICK HERE TO SUBMIT YOUR NOMINATION**

